Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2021

# GESKIEDENIS V2
# NASIENRIGLYN
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 100**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 18 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisering van inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | 30%<br>(15) |
| VLAK 2 | • Interpretasie van die bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | 40%<br>(20) |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met brpnne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | 30%<br>(15) |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(**√**)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

____________ . ____________________________ . ____________________

__________________ . ____________________________ . ____________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

  32
  50

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2
- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om beter punte te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

2.4 **Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet')) in die nasienriglyn), vir elk van die hoofpunte/-aspekte wat volledig gekontekstualiseer is (ook aangedui met ŉ kolpunt ('bullet')) en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. in ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte in die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in meer detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA↕

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE – TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | **VLAK 7** Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6** Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.. | **VLAK 5** Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 4** Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3** Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **VLAK 2** Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1*** Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***VLAK 7*** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| ***VLAK 6*** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is. | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| ***VLAK 5*** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| ***VLAK 4*** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| ***VLAK 3*** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| ***VLAK 2*** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| ***VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud | | | | | | 14–17 | 0–13 |

## *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET SUID-AFRIKANERS OP P.W.BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980's GEREAGEER?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Dit het regte aan Afrika-vakbonde verleen
- Voorregte vir die stedelike Afrika-arbeidsmag toegelaat
- Skep 'n swart middelklas (Enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Die regering het gehoop dat daar minder opstande in die lokasies sou wees
- Die huiseienaars sou die opstande nie duld nie, want dit kon hul huise/eiendom beskadig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Advertensieveldtogte
- Nuwe lenings is beskikbaar gestel (2 x 1) (2)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Die apartheidsregering het hardvogtiger metodes gebruik om opstande te onderdruk
- Baie van die politieke leiers was in die tronk of in ballingskap
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Dominee Allan Boesak
- Albertina Sisulu
- Patrick 'Terror' Lekota (Enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Vryheid van die apartheidsregering (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Hulle het dieselfde doelwit gehad, naamlik om apartheid te beëindig
- Omdat die ANC verban was, het dit 'n beroep op die UDF gemaak om interne druk op die regering te versterk
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.5 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*
**Die bron is bruikbaar omdat:**
- Dit die anti-apartheidsgroepe gekoördineer het sodat effektiewe protesaksies geloods kon word
- Die UDF baie verskillende anti-apartheidsorganisasies regoor die land bymekaar gebring het
- Aangesien dit 'n losse alliansie was, kon die regering dit nie maklik vernietig nie
- Die UDF het die land deur verskillende veldtogte onregeerbaar gemaak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Om Kleurlinge en Indiërs te ontmoedig om aan die verkiesing vir die Driekamerparlement deel te neem
- Die hervormings is as kosmeties beskou en die politieke mag sou steeds in die hande van die wit minderheid bly
- Die feit dat swart Suid-Afrikaners uit die nuwe parlementêre stelsel gelaat is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Moenie Stem Veldtog' (1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Om mense bewus te maak van die noodsaaklikheid om teen apartheid te organiseer en aktief te weerstaan
- Suid-Afrikaners te mobiliseer om teen diskriminasie en onderdrukking te veg
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van inligting uit Bron 1B en 1C – V3]*
- Bron 1B dui aan dat die UDF 'n massa-gebaseerde organisasie geword het en Bron 1C toon die baie mense / organisasies wat aan die UDF verbonde was
- Bron 1B verwys na weerstandsveldtogte wat deur die UDF geloods is, en Bron 1C toon die veldtog 'Moenie Stem Nie'
- Bron 1B dui aan dat die doel was om vryheid van die apartheidsregime te kry, en Bron 1C wys dat hulle vir vryheid veg
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 1D – V2]*
- Die mag van die gewone mense om verandering te bring
- Om aan te dring op 'n regering wat hul belange verteenwoordig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Huurboikotte
- Verbruikersboikotte (2 x 1) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Die huurgeld is nie gebruik om die omstandighede / fasiliteite in hul gemeenskappe te verbeter nie
- Die swart raadslede wat die huurgeld ingevorder het, het korrup geword en is as 'uitverkopers' beskou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Swart Suid-Afrikaners het Botha se hervormings as kosmeties gesien (eie kennis)
- Driekamerparlement is deur swart Suid-Afrikaners verwerp
- (eie kennis)
- UDF is gestig om apartheid teen te staan (Bron 1B)
- UDF het die optrede teen apartheid gekoördineer (Bron 1B)
- Protesoptogte, huur- en verbruikersboikotte gehou (Bron 1B en Bron 1D)
- Verskillende organisasies verbonde aan die UDF (Bron 1B)
- UDF het teenverkiesingsveldtogte gehou (Bron 1C)
- Mense het vryheid geëis (Bron 1C)
- Burgerlike organisasies het geveg vir beter toestande in lokasies (Bron 1D)
- Werkers, studente-organisasies en kerke het aan die protesaksies teen apartheid deelgeneem (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe Suid-Afrikaners gereageer het op P.W.Botha se hervormings in die 1980’s.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou tot ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip **oor hoe Suid-Afrikaners op P.W.Botha se hervormings in die 1980’s gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ’n deeglike begrip oor hoe Suid-Afrikaners op P.W.Botha se hervormings in die 1980’s gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN DIE HANTERING VAN DIE DOOD VAN AKTIVIS LENNY NAIDU?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Umkhonto we Sizwe (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2A – V1]*

- Bevorder die idee van nie-rassigheid en eenheid
- Veg vir vryheid
- Gestreef om die kwaliteit van lewe vir alle mense te verbeter

(3 x 1) (3)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Indien hy gevang sou word deur die apartheidsregering sou hulle hom tronk toe stuur of vermoor het
- Het openlik teen apartheid gerebelleer en was dus as ’n bedreiging beskou
- Kon nie vrylik werk om apartheid te beëindig nie
- Vasbeslote om teen die onregverdige sisteem van apartheid te veg
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Hy het gewag op instruksies en bevele van die ANC wat hy in Suid-Afrika moes uitvoer
- Watter regeringsinstansies aangeval/verwoes moes word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Indien hy gevang is, sou die apartheidsisteem hom gevangenisstraf oplê of doodmaak
- Hy sou aangekla word omdat hy ’n lid van die ANC was
- Aangekla omdat hy sonder ’n paspoort was (Enige 2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Eugene de Kock
- Mnr. Nafumela (2 x 1) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

NEE.

- Die kommissaris het aan hulle gesê om te wag vir die volle openbaarmaking by die amnestieverhoor
- By die verhoor sou hul ’n leidraad van wat gebeur het, kon kry
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Moord (1 x 2) (2)

2.2.5 *[Evaluering van die betroubaarheid van Bron 2B – V3]*
**Die bron is betroubaar omdat:**
- Die ouers en broer vas oortuig was dat Lenny vermoor is
- Beide De Kock en Nafumela is skuldig omdat hulle vir amnestie aansoek doen
- Hulle kon alles sê wat hul op die hart gelê het en sodoende ŉ tipe afsluiting ('closure') kry
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**Die bron is nie betroubaar nie omdat:**
- Dit het nie die volle openbaarmaking gegee nie; die kommissie het vir hulle gesê dat hulle wag vir die amnestieverhoor
- Beide van hulle het nog geglo dat hulle onskuldig was en daarom aansoek vir amnestie gedoen het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Hoe twee pare Umkhonto we Sizwe kaders in ŉ lokval by Piet Retief gelei is' (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Swaziland het die ANC se stryd teen apartheid ondersteun
- Swaziland was nie ten gunste van die wit minderheidsregering nie
- Swaziland wou ŉ vry, demokratiese en bevryde Suid-Afrika hê
- Swaziland was een van die naaste onafhanklike Afrika state en sodoende kon ANC kaders toegang tot MK militêre kampe verkry soos in Lusaka (Zambië)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Charity Nyembezi
- Makhosi Nyoka
- Nonsikelelo Cothoza (3 x 1) (3)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Die spotprent wys Eugene De Kock wat sy aansoek vir amnestie inhandig
- Dit wys Aartsbiskop Desmond Tutu, die voorsitter van die WVK, wat De Kock se aansoek ontvang
- Die spotprent wys ŉ baie lang lys van misdade wat deur De Kock gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Tutu wou hê De Kock moes al die misdade lys wat hy gepleeg het voordat hy vir amnestie kon aansoek doen
- De Kock het 'n aantal menseregte misdade teen anti-apartheids aktiviste gepleeg
- De Kock was bekend as 'n moordenaar van anti-apartheids aktiviste
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van Bron 2C en 2D – V3]*

- Bron 2C verduidelik De Kock se aansoek vir amnestie en Bron 2D wys De Kock wat sy aansoek vir amnestie inhandig
- Bron 2C onthul vele misdade wat De Kock gepleeg het en Bron 2D wys De Kock met 'n lang lys van misdade wat hy gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Lenny Naidu was 'n lid van die ANC se gewapende magte, Umkhonto we Sizwe (Bron 2A)
- Beide ouers en broer van Lenny Naidu het die WVK-verhore bygewoon om die waarheid oor sy moord aan te hoor (Bron 2B)
- Die kommissaris het hulle bedank omdat hulle na vore gekom het en vir hul openbaarmaking (Bron 2B)
- Die WVK het die waarheid onthul oor menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is (Bron 2C)
- Leslie Naidu het voor die WVK verskyn om bewyse te gee aangaande die moord op Lenny Naidu (Bron 2B)
- Eugene De Kock en ander voormalige sekuriteitspolisiemanne het getuig van hul rol in die moord van politieke aktiviste te Piet Retief (Bron 2C)
- Die waarheid oor hoe Lenny Naidu vermoor was, is by die WVK onthul (Bron 2C)
- Eugene De Kock handig die lys van misdade wat hy gepleeg het in by die WVK (Bron 2D)
- De Kock het aansoek om amnestie gedoen vir die moord op Lenny Naidu (Bron 2D)
- Die WVK was in staat om sommige moorde en verdwynings van politieke aktiviste soos dié van Lenny Naidu op te los (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe suksesvol die Waarheids-en-Versoeningskommissie(WVK) was in die hantering van die dood van aktivis Lenny Naidu.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip **oor hoe suksesvol die Waarheids-en-Versoeningskommissie(WVK) was in die hantering van die dood van aktivis Lenny Naidu.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe suksesvol die Waarheids-en-Versoeningskommissie(WVK) was in die hantering van die dood van aktivis Lenny Naidu.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet krities die rol en impak wat die Swartbewussynsbeweging onder leiding van Steve Biko op swart Suid-Afrikaners gehad het bespreek.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem oor die rol en impak wat die Swartbewussynsbeweging onder leiding van Steve Biko op swart Suid-Afrikaners in die 1970's gehad het, bespreek.

**UITBREIDING**
- Rede vir die stigting van die Swartbewussynsbeweging (SBB) (Agtergrond)
- **Biko se filosofie van Swartbewussyn (SB)**
- Maak swartmense bewus van die euwels van apartheid
- Kweek 'n gevoel van eiewaarde en vertroue in swart Suid-Afrikaners
- Herstel swart trots
- Die manier waarop swart Suid-Afrikaners hulself gesien het, verander
- Bemagtig hulle om apartheid te konfronteer
- Biko het swart Suid-Afrikaners versoek om hulself te laat geld en dinge vir hulself te doen
- Skakel die gevoel van minderwaardigheid uit
- **Rol van Steve Biko**
- Vorming van SASO
- SASO het SB-idees oor die kampusse van die etnies-geskeide universiteite versprei
- SASO het swart eenheid en solidariteit bevorder
- Studente meer polities bewus gemaak
- Studente aan gemoedig om hulself van apartheid te bevry
- Biko bevorder selfbevryding
- Hy het geglo dat assosiasie met blankes die bevrydingstryd ondoeltreffend maak en dat swartes hulself moet bevry
- Gevestigde selfhelpgroepe vir swart gemeenskappe saam met ander SB-leiers
- SB-idees is in SASO-nuusbriewe gepubliseer
- **Swartbewussyn het 'n nasionale beweging geword**
- In 1972 is die Black People's Convention gestig
- Ten doel gehad om swart mense van sielkundige en fisiese onderdrukking te bevry
- Selfhelpprojekte is op die been gebring, bv. Zanempilo Clinic, Ginsburg en Zimele Trust Fund
- Gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union in 1973
- SB beïnvloed skoliere wat gelei het tot die vorming van SASM

- **Uitdagings wat die idees van BC aan die staat gestel het**
- Die Suid-Afrikaanse regering was aanvanklik nie bekommerd oor die SBB nie en het dit gelyk gestel aan sy eie beleid van afsonderlike ontwikkeling
- SBB het sterker geword en 'n uitdaging aan die staat gestel
- Dit het 'n massabeweging geword wat gepoog het om apartheid te ondermyn
- Biko se toesprake het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om apartheid te verwerp
- SB-idees spoor die werkers aan om met stakings op te tree
- SBB ondersteun disinvesteringsondernemings
- **Regering se reaksie op Biko se filosofie**
- Verbod en huisarres van Biko en ander leiers
- SB-leiers is verbied om in die openbaar te praat
- BPC-aktiviste is sonder verhoor aangehou
- SASO is op universiteitskampusse verbied
- Biko is in hegtenis geneem en ondervra
- Biko is in 1977 wreedaardig deur die veiligheidspolisie vermoor
- Enige ander relevante antwoord

**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet saamstem met of verskil van die stelling en bespreek hoe die toegewydheid en leierskap tentoongestel deur beide Nelson Mandela en FW De Klerk verseker het dat Suid-Afrika in 1994 'n demokrasie geword het. Relevante voorbeelde van Suid-Afrika se pad na demokrasie moet bespreek word.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem en aandui hoe die toegewydheid en leierskap tentoongestel deur beide Nelson Mandela en FW de Klerk verseker het dat die regte voorwaardes en toestande geskep is vir Suid-Afrika se pad na demokrasie vanaf 1990 tot 1994.

**UITBREIDING**
Fokus op verskillende rolspelers in die volgende geskiedkundige sleutelgebeure en draaipunte:

- Vrylating van Mandela en die ontbanning van die ANC, PAC en SACP
- Die proses van ondehandeling (i.e. Groote Schuur Minuut, Pretoria Minuut)
- Opskorting van die wapenstryd
- KODESA 1
- Referendum
- KODESA 2
- Memorandum van Verstandhouding
- Toenemende geweld – Rollende massa-aksie (i.e. Boipatong, Bhisho, ens.)
- Goldstone Kommissie
- Veelpartyonderhandelingsforum
- Dood van Hani
- Bestorming van die Wêreldhandelsentrum, ens.
- 1994 verkiesing – stem in KZN
- ANC wen verkiesing en Mandela word die eerste swart Suid-Afrikaanse president
- Enige ander relevante antwoord

**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die disintegrasie van die Sowjetunie in 1989 as 'n katalisator gedien het vir die politieke transformasie wat in die 1990's in Suid-Afrika plaasgevind het. Kandidate moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate die disintegrasie van die Sowjetunie in 1989 as 'n katalisator gedien het vir die politieke transformasie wat in Suid-Afrika in die 1990's plaasgevind het.

**UITBREIDING**
Indien hul saamstem, kan kandidate die volgende punte in hul antwoord insluit:

- Die uitwerking van die disintegrasie van die Sowjetunie in Suid-Afrika teen die einde van 1989
- Gorbachev se Glasnost- en Perestroika-hervormings
- Die kommunistiese regimes in Oos-Europa stort in duie
- Die val van die Berlynse Muur
- Veranderinge in die wêreld het bygedra tot die einde van apartheid
- Die val van USSR ontneem die ANC van sy hoofbron van ondersteuning (finansiëel; militêr, moraal en die gevolge daarvan)
- Die Nasionale Party se bewering dat dit as 'n 'skans' optree teen kommunistiese uitbreiding in Suider-Afrika, het onrealisties geword
- Westerse wêreldmagte ondersteun die idee dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties kan oplos
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie meer wit minderheidsregering vir 'n onbepaalde tydperk kon handhaaf nie
- Invloedryke lede van die Nasionale Party het besef dat apartheid nie die antwoord was op die behoeftes van wit kapitalistiese ontwikkeling nie
- Die Slag van Cuito Cuanavale en die gevolge daarvan
- Die sekuriteitsmagte en noodtoestand het nie lokasie-opstande gestop nie
- Teen die laat 1980's was Suid-Afrika in 'n toestand van ekonomiese depressie
- Die rol van besigheidsleiers in Suid-Afrika se politieke transformasie
- PW Botha het 'n beroerte gehad en is deur FW de Klerk opgevolg
- FW De Klerk het begin aanvaar dat swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid nie 'n sameswering vanuit Moskou was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel
- 2 Februarie 1990 het De Klerk 'n nuwe grondwetlike bedeling aangekondig
- Dit het die einde van die apartheidsregering aangedui
- Enige ander relevante antwoord

**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou